
# DIE EENDJIENUUS

Uitgawe 3: 30 Januarie 2026



## Belangrike inligting:


| | |
|---|---|
| Datums | Bl. 3 |
| Produksies 2000 | Bl. 6 |
| Klas- en Enkelfoto's | Bl. 6 |



# Uit die kantoor

- Die buitemuurse aktiwiteite het hierdie week begin.
- Volgende week Donderdag neem die atletiekspan aan die Sone C-byeenkoms by die stadion deel. Baie sterkte aan al ons atlete.
- Produksies 2000 kom besoek ons weer op Dinsdag, 3 Februarie. Betaal R25 op Karri. Sien bl. 6 vir meer besonderhede.
- Die klas– en enkelfoto's word op 4 Februarie geneem. Sien bl. 6 vir meer besonderhede.

# BELANGRIK

| | |
|---|---|
| 2 Februarie: | Sluitkassiekontrole |
| 3 Februarie: | Voedselprojek Gr. 7B<br>Produksies 2000 |
| 4 Februarie: | Jaarbladfoto's: Klas– en enkelfoto's |
| 5 Februarie: | Voedselprojek Gr. 7C<br>Atletiek: Sone C |
| 7 Februarie: | Seniorkoor Oefenkamp 09:00 - 13:00 |
| 9 Februarie: | Valentynsverkope in gimsaal |
| 10 Februarie: | Voedselprojek Gr. 6A<br>Valentynsverkope in gimsaal<br>Tweekamp: Suid-Vrystaat kampioenskap |
| 11 Februarie: | Valentynsverkope in gimsaal |
| 12 Februarie: | Tannie Tania verjaar<br>Voedselprojek Gr. 6B<br>Valentynsverkope in gimsaal<br>Valentynsdagsokkie: Gr. 7 saam met Grey by OMS<br>Swem staak |
| 13 Februarie: | Valentynsverkope in gimsaal<br>Valentynsdag: Trek rooi/pienk/wit aan (R10 op Karri) |
| 14 Februarie: | Atletiek: Fichardtpark-byeenkoms |
| 16 Februarie: | Juf. Anné verjaar<br>Netbal: Gr. 1-3 begin |
| 17 Februarie: | Juf. Petro verjaar<br>Voedselprojek Gr. 6C<br>Swem: Vrystaat interskole gala |
| 18 Februarie: | Swem: Vrystaat interskole gala<br>VCSV Lofeendjies: Lofprysingsaand in gimsaal Gr. 4-7 |
| 19 Februarie: | Juf. Chandriné verjaar<br>Voedselprojek Gr. 5A |

# Swem

Ons is trots op elke Eendjie wat deelgeneem het aan die gala. Of jou nou heel eerste of heel laaste gekom het en of jy nou ingeduik of ingespring het. Jy het 'n punt vir jou sportspan gekry!

4de plek: Fischer met 426 punte.

3de plek: Boshoff met 431 punte.

2de plek: Otto met 481 punte.

1ste plek: Brebner met 495 punte.

Geesbeker

Baie geluk aan die sportspan wat die geesbeker by die swemgala gewen het! Julle entoesiasme, samehorigheid en aansteeklike gees het nie net die pawiljoene laat lewe kry nie, maar ook gewys wat ware spanwerk beteken. Julle het elke oomblik met trots, energie en 'n glimlag aangepak – 'n wel-verdiende oorwinning en 'n bewys dat gees net so belangrik soos prestasie is. Die geesbeker-wenner was Brebner!

# Tennis

Die volgende dogetrs het op 23 en 24 Januarie aan die Free State Mini Tennistoernooi deelgeneem en soos volg presteer:

o. 12

Mikela Kritzinger

Enkels 2de

Grace Dippenaar

Enkels 1ste

# Atletiek

Ons is trots op elke Eendjie wat deelgeneem het aan die atletiekbyeenkoms. Of jy nou heel eerste of heel laaste gekom het en of jy bo-oor die hoogspringlat gespring het of onderdeur geduik het, jy het vir jou span 'n punt gekry!

4de plek: Boshoff met 453 punte.

3de plek: Otto met 461 punte.

2de plek: Brebner met 471 punte.

1ste plek: Fischer met 491 punte.

Geesbeker

Met 'n aansteeklike energie, harde aan-moediging en ware spangees is die geesbeker by die atletiek welverdiend gewen deur Boshoff!

# Sport

# Triathle

Die volgende dogters het op 23 Januarie aan die eerste Triathle deelgeneem en soos volg presteer:

| | |
|---|---|
| o. 11 | |
| Lenike van den Berg | 5de |
| Naomi Malan | 8ste |
| o. 13 | |
| Kaylyn Blair | 9de |
| Z'ney Piechaczek | 10de |
| o. 15 | |
| Almé Bornman | 7de |

# Swem

Emma Relling het op 24 Januarie aan die Mangaung gala in Bloemfontein deelgeneem en soos volg presteer:

| | | |
|---|---|---|
| o. 10 | | |
| 200m | Borsslag | 1ste |
| 100m | Borsslag | 1ste |
| 50m | Borsslag | 1ste |
| 100m | Vryslag | 1ste |
| 50m | Vryslag | 1ste |
| 50m | Vlinderlag | 1ste |
| 50m | Rugslag | 2de |

# Biathle

Die volgende dogters het op 23 Januarie aan die eerste Biathle deelgeneem en soos volg presteer:

| | |
|---|---|
| o. 11 | |
| Lenike van den Berg | 5de |
| Naomi Malan | 11de |
| Skye Futter | 12de |
| o. 13 | |
| Kaylyn Blair | 9de |
| Z'ney Piechaczek | 10de |
| o. 15 | |
| Almé Bornman | 7de |

# Algemeen

# Produksies 2 000

Op Dinsdag, 3 Februarie, kom Produksies 2000 weer na ons skool met:

**Kry 'n Lewe!**

Die produksie fokus op die bestanddele vir 'n goeie lewe – soos 'n pizza... wat gaan jy op jou "stukkie lewe" sit? Hoe groot sny jy jou stukke (belangstelling)? Maak reg vir 'n fees van pro-aktiewe gedrag soos ons die vier hoofkarakters *(twee boelies en hulle slagoffers)* volg om 'n meer genotvolle lewe te bou. Wil jy oneerlikheid en jaloesie op jou stukkie "vriende-pizza" strooi (waardes)? Hoe proe dit (uitkoms)? Baie pret in hierdie maklik-verstaanbare storielyn. Abstrakte konsepte word konkreet op die verhoog gedemonstreer en ouderdomsgerigte voorbeelde word gebruik sodat ALMAL in die gehoor dit verstaan.

Dogters sal 'n Karri-uitnodiging ontvang van *R25* vir die opvoering, wat voor of op Maandag, 2 Februarie, inbetaal moet wees.

# Klas- en enkelfoto's

Klas- en enkelfoto's word op 4 Februarie geneem. Elke dogter ontvang die enkelfoto-pakket gratis, maar sal d.m.v. Karri die klasfoto kan bestel.

Sussiefoto's word ook op 4 Februarie geneem. Die foto moet egter vooraf by Marita bestel word d.m.v. Karri. Alle sussiefoto's moet reeds voor of op 3 Februarie bestel wees.

BESTEL ASB. *BY JOU OUDSTE LAERSKOOL DOGTER*.

BESTEL ASB. BY HAAR DIE HOEVEELHEID FOTO'S WAT JY SOEK.

*MOET NIE BY ELKE DOGTERTJIE BESTEL NIE.*

DIT MAAK DIE ADMININISTRASIE BAIE MOEILIK!!

Sussiefoto's: R100

Klasfoto's: R50

# Valentynsdag

- Dra rooi, pienk of wit gewone klere
- Vrydag, 13 Februarie 2026

**BETAAL JOU R10 OP KARRI!**

GEEN KONTANT NIE!


PRIMÊRE MEISIESKOOL ORANJE
KERMIS
See en Strand
Vrydag, 6 Maart 2026
09:00 - 13:30
Speletjiesbandjies
vir Preprimêre dogters teen R45
en vir Primêre dogters teen R120
Verskeie kosstalletjies beskikbaar
vir die publiek by Oranje Primêr!



# Gedagte vir die week

## Die Lig op my pad

Ons staan aan die begin van 'n nuwe jaar. Voor ons staan die deur wawyd oop. Daar is geleenthede wat wag, besluite wat geneem moet word en gevare wat trotseer sal moet word. Genadiglik hoef ons die onbekende jaar nie alleen aan te durf nie. Elke dag kan ons die Here se voetstappe langs ons hoor, Sy stem in ons ore.

God het aan ons Sy Woord gegee om as lamp vir ons voete en lig op ons pad te dien. Ons moet vashou aan die Woord, dit is deur God geïnspireer en het groot waarde om in die waarheid te onderrig, dwaling te bestry, verkeerdhede reg te stel en 'n regte lewenswyse te kweek. Dit sal jou voorberei vir elke taak wat op jou wag.

Mag dit jou ervaring wees dat die Here elke dag in sy Woord iets nuuts vir jou sê, jou iets spesiaals leer en jou met 'n ligte tred verder laat stap.


~ Piet Meiring ~

## Lief en Leed

Ons dink aan Aila Fourie wat tans in die hospitaal is. Baie sterkte.

## Lief en Leed

Ons dink aan Lanzel Muller en haar familie met die afsterwe van haar oupa. Baie sterkte vir julle as familie.




# Advertensies